

Direkteur Sinode

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

AAN: LERAARS

14 April 2020

Liewe vriende,

GEMEENTES EN DIE HANTERING VAN DIE COVID-19-RAMP

"As die Here ons hierdie jaar nie gaan help nie, sal dit die eerste keer wees."
(’n Karooouer tydens die droogte)

Eerstens ’n hartlike woord van dank aan almal wat verlede week deelgeneem aan ons Zoom-gesprekke oor ons beleving van die inperking en hoe ons die bediening in die lig daarvan aanpak.

Sommige leraars het ietwat gesukkel met Zoom. Daar is ’n leerkurwe, maar ons vorder baie goed. Aangesien verlede week se gesprek ’n leerervaring was, met voorbereiding, gee ons **5 VBO-punte** vir elkeen wat aan die gesprekke deelgeneem het. Gee bietjie kans, die punte sal mettertyd op jou rekord verskyn.

Oor die Covid-pandemie is daar baie te leer, en die prentjie ontvou soos ons verder gaan. Dit is egter belangrik om die kennis, geleenthede en vaardighede wat ons versamel te dokumenteer. Vandaar hierdie skrywe.

1. Ons is in ’n nuwe wêreld

“Wat ook al dit is, die koronavirus het die magtiges laat kniel en die wêreld tot ’n halt geruk soos niks anders kon nie. Ons verstand probeer nog opvang, hunker na ’n terugkeer tot normaliteit, probeer ons toekoms en verlede aanmekeer stik, weier om die skeuring te erken. Maar die skeuring bestaan. En te midde van hierdie verskriklike wanhoop, laat dit ons met die geleentheid om hierdie oordeelsdagmasjinerie wat ons vir onself gebou het te herdink. Niks sou erger wees as ’n terugkeer na normaliteit nie. Oor die eeue het pandemies die mensdom gedwing om te breek met die verlede en die wêreld op ’n ander manier te verbeel. Hierdie een is geensins anders nie. Dit is ’n poort, ’n hek, tussen een wêreld en die volgende. Ons kan kies om daardeur te loop terwyl ons die karkas van ons vooroordele en haat, van ons geldsug, ons databanke en dooie idees, ons dooie riviere en rokerige hemel saam met ons sleep. Of ons kan liggies deurstap, met min bagasie, gereed om ’n nuwe wêreld te bedink. En daarvoor te veg.”

Die bekende Seth Godin, ’n stigter van Google, sê nuwe geleenthede word gewoonlik deeglik versteek as onoorkomelike probleme. Bogenoemde aanhaling, deur Arundhati Roy, herinner my hieraan. Ons weet nog nie presies hoe die toekoms lyk nie, maar dit gaan anders wees. Ons moet versigtig wees om te vinnig

antwoorde te hê. Ons moet oplet, saamdink en saamgesels. Ons moet bedag wees op die nuwe wat in hierdie tyd gebore word. Bo alles moet ons oop wees vir wat die lewende Here Jesus ons deur sy Woord en Gees leer.

Wat reeds duidelik is, is dat samewerking, 'n fokus op die plaaslike omgewing, deernis met alle mense, netwerke tussen verskillende rolspelers, omgee en diensbaarheid in die toekoms belangriker as ooit gaan wees.

Daar is 'n paar praktiese dinge wat ons reeds kan doen om hieraan uitdrukking te gee.

2. Gradeer internettoegang op

Kerkrade word versoek om dit vir leraars moontlik te maak om internettoegang op te gradeer. Kry die beste moontlike internetspoed wat beskikbaar is, met voldoende data. Ons behoefte aan breëband en data het danksy Covid-19 geweldig toegeneem. Dit is nie langer genoeg om slegs e-posse te kan hanteer en iets op 'n webblad te lees nie.

3. Versorg die kwesbares

Hongersnood tydens inperking is 'n wesenlike gevaar. Dit is daarom noodsaaklik dat gemeentes in kontak bly met almal in die gemeenskap. Vra werkgewers om personeel steeds te vergoed. Huis- en tuinwerkers moet ook steeds finansiële bygestaan word, veral met die oog op voeding.

Dit is moontlik om 'n [virtuele koepon vir kruideniersware](#) aan werknemers te stuur wat nie oor bankrekenings beskik nie. Dit is 'n werklik praktiese oplossing vir 'n wesenlike probleem.

Talle gemeentes het ook noodnommers wat enige persoon wat siek voel of ander nood het, kan kontak.

4. Kies 'n plaaslike vennoot rondom voedselhulp

Gemeentes gaan natuurlik voort met hul eie voedselhulp, soos noodspense, kospakkies en ander vorms van hulp. Dit moet in 'n tyd soos hierdie geïntensiveer word, sonder om die ramp-regulasies te oortree.

Aangesien ons kantoor in Nelson Mandelabaai gesetel is, skryf ek hierdie paragraaf as voorbeeld van wat by ons moontlik is. Dit kan heel moontlik in ander gemeenskappe ook haalbaar wees. Probeer die vennote en rolspelers daar identifiseer.

In **Nelson Mandelabaai** het die kerkleierskap saamgespan en Food Forward SA (FFSA) as vennoot rondom voeding gekies. Gaan loer in by <https://foodforwardsa.org>.

FFSA los 'n wesenlike probleem op: Sowat 30% van alle voedsel wat in SA geproduseer word, word weggegooi, terwyl sowat 14 miljoen Suid-Afrikaners honger ly. FFSA konnekteer hierdie wêreld van oorvloed en weggooi met die wêreld van nood. Eetbare surplusvoedsel uit die verbruikersketting word geneem en versprei na gemeenskapsorganisasies wat die armes dien. FFSA se missie is: "To reduce hunger in South Africa by safely and cost-effectively securing quality food, and making it available to those who need it." In Nelson Mandelabaai het FFSA reeds sy vinger op die pols van persone wat honger ly.

Hoe kan gemeentes met FFSA saamwerk?

- Moedig alle organisasies wat voeding aan noodlydendes verskaf aan om by FFSA as begunstigde te registreer – [klik hier](#) vir die registrasiebesonderhede en aansoekvorm.
- Maak 'n donasie aan FFSA – as gemeente en moedig ook lidmate aan. Alle donasies is belastingaftrekbaar in terme van [artikel 18a](#) van die wet op inkomstebelasting. [Klik hier](#) vir besonderhede.
- Samel voedsel in en neem dit direk na FFSA se depot by Woodpeckerstraat 8, Cotswold-uitbreiding. Die bestuurder is Duane Brassel, duane@foodforwardsa.org of 082 566 5000. Hier is FFSA se [lys van benodigdhede](#). Skakel tussengangers uit en kontak direk met Duane.
- Moedig winkelleienaars en ander rolspelers aan om donasies (produkte en fonds) aan FFSA te maak. Op die oomblik maak slegs Pick and Pay betekenisvolle donasies. As julle van winkels weet wat wil bydra, kontak Duane sodat hulle die winkel van die nodige kratte kan voorsien waarin FFSA die skenkings sal kom oplaai.
- Kyk na die lys van FFSA se begunstigdes in ons metropool – [klik hier](#). Julle gemeente kan ook besluit om die begunstigdes direk te ondersteun deur voedsel na hulle te neem. Neem net wat die organisasie nodig het, moenie neem wat julle dink hulle nodig het nie. Hier is [produkte](#) wat goed werk.

In **elke gemeenskap** in die Oos-Kaap sal daar instansies wees wat voeding en die verspreiding van voedsel hanteer. Identifiseer asb. 'n lidmaat wat die leiding hiermee kan neem.

5. Werk met ander plaaslike gemeentes saam, ongeag kerkverband

Die SA Raad van Kerke (SARK), waarvan die NG Kerk lid is, het 'n Covid-19 strategie formuleer. 'n Belangrike deel hiervan is dat plaaslike gemeentes **aksie-netwerke** vorm. In Engels is dit 'n LEAN – "Local Ecumenical Action Network". So word dit beskryf:

Getting through the COVID 19 pandemic will require people to act together where they are. We all have a role to play and that there is a lot we can do in our own communities. We commend the government's response to COVID 19, and offer these guidelines as a way for churches to work together in communities to strengthen and support the government's response. The church has been a vehicle for public good and change in this country, let us step up together in this challenging time.

Die SARK het 'n "So-maak-mens"-pakkie vir LEAN's saamgestel. Dit is 'n uitstekende dokument, gebaseer op die praktiese ervaring van 'n organisasie in Kaapstad. [Klik hier](#) om dit te lees.

Hoe weet jy wie al die kerke in jou gemeenskap is? Vir die mense van Nelson Mandelabaai is [hier 'n lys](#) van al die kerke, gerangskik volgens munisipale wyke. Die lys is verouderd, maar hopelik darem steeds bruikbaar. Ons dateer tans die NG Gemeentes op.

SARK het ook twee plakkate saamgestel, een [vir leiers](#) en een vir die inligting van [die gemeenskap](#). Versprei dit gerus wyd op forums soos Whatsapp.

6. Begrafnisse

'n Paar predikante moes nou al reeds begrafnisse lei. In elke geval is 'n klein byeenkoms by die begraafplaas gehou met net die kernfamilie. Die begrafnisondernemer is die instansie wat vrystelling het om 'n noodsaaklike diens te lewer, en moet die leraar van 'n permit vir die geleentheid voorsien.

Waar 'n roudiens plaasvind, bepaal die regulasie vir die Nelson Mandela Metropol dat dit in die huis van die "bereaved family" en binne 'n uur verby moet wees. Net 'n klein groepie mag teenwoordig wees. Ons kan aanneem dat dit 'n goeie riglyn vir alle begrafnisse is.

7. Bly groei in insig en vaardighede: VBO-geleentede tydens inperking

Die VBO-forum – waaraan alle sinodes behoort – bied pasgemaakte, aktuele VBO aan wat slegs aanlyn beskikbaar is. Dit is 'n leer-ervaring vir **ongekarteerde tye**.

Leraars wat hierdie VBO's doen kwalifiseer vir 10 VBO-punte. Jy kan net 'n e-pos aan my stuur waarin jy aandui jy het dit gedoen, en ons sal die punte laai.

Een: Die eerste VBO se tema was **Liturgie vir ongekarteerde tye**. Dit is aangebied deur prof Cas Wepener, en bestaan uit 'n [inleidende lesing](#), daarna die [hantering van vrae](#) en derdens [liturgiese bronne](#). Klik op die skakel om jou na Communitas se Youtube-kanaal te neem waar die lesings gelaai is.

Twee: Die tweede VBO word teen die middag van Woensdag, 15 April gelaai, en word aangebied deur prof Jan-Albert van der Berg. Die tema is **Pastorale sleutels vir Covid-19 grendeltyd**. Jy kan na [Communitas se Youtube-kanaal](#) gaan om die lesings te volg.

8. Permanente aanpassing in sosiale gedrag

Professor Salim Abdool Karim, voorsitter van SA se Covid-19 Ministeriële Adviespaneel (en net een van ses Suid-Afrikaners wat lid van die Royal Society is), het onlangs op 'n webinar van Daily Maverick gevra dat ons sosiale gedrag permanent moet verander. Hy het veral na geloofsgemeenskappe verwys waar fisieke nabyheid en aanraking (handdrukke en ander drukkies) gebruiklik is, en gevra mense moet daarvan afsien. Indien die inperking verby is, en ons keer weer terug na hierdie standaardgedrag, skep ons ruimtes waar infektering net weer hemelwaarts sal neig.

Dit is 'n liefdesdaad waarin ons mekaar beskerm wanneer ons fisieke afstand handhaaf. Dit is selfverloëning om fisieke gestaltes van ons geloofsbande vir eers op die agtergrond te skuif.

9. Insig in wat in ons land gebeur

So van prof Karim gepraat. Hy beskik oor die vermoë om op eenvoudige wyse op die wesenlike aspekte van die stryd teen Covid-19 te wys. Daily Maverick het 'n [uitstekende verslag](#) oor sy insette tydens 'n nuuskonferensie gepubliseer. Jy kan die nuuskonferensie op Youtube [hier volg](#) (Karim begin by minuut 16 praat), en die [Powerpoint](#) wat by hierdie geleentheid gebruik aflai.

Volgens Karim versprei die Koronavirus blitsig vanaf die punt dat 100 persone geïnfekteer is. Wêreldwyd is die patroon dat reisigers die virus inbring, daarna dra hulle dit aan die gesondheidsstelsel oor, waarna dit wyd deur die samelewing versprei. (Ons weet ook erediens te speel wêreldwyd 'n rol.) Die vinnige inperking in SA het hierdie patroon onderdruk. Hy sê dat 'n gebrek aan toetsing reggestel is, maar dat die patroon wat ons syfers reflekteer 'n betroubare aanduiding van die lae verspreiding van die virus is.

Gemeentes het 'n belangrike opvoedingstaak. Genoemde materiaal kan help.

Sterkte met julle belangrike werk.

Vrede,

Danie Mouton
Direkteur Sinode